OGGEND-BYBELSTUDIE

HEIDELBERGSE KATEGISMUS

STUDIESTUK 4

Fokus van dié studie: **(Sondag 7)**

Inleidende Opmerkings:

- Die inhoud (die vrae en antwoorde) van Sondag 7 is in een woord:
  WONDERLIK!
- Hou die volgende in gedagte:
  - → Sondag 6 het afgesluit met die stelling dat die Christen uit die Evangelie weet dat Christus die Middelaar is. Die Evangelie vra geloof.
  - → Nou gaan die Kategismus oor geloof handel. Dit begin in Sondag 7 en loop deur tot by Sondag 31.
  - → In Sondag 7 kom aan die orde:
    - Vraag 20: Die **noodsaaklikheid** van die geloof.
    - Vraag 21: Die **wese** van die geloof.
    - Vraag 22 en 23: Die **inhoud** van die geloof.

Dink na oor die volgende en skryf jou nota's en ons bespreek dit as ons saam Bybelstudie doen:

1. Alle mense het mos verlore geraak deur Adam en Eva se sonde. Beteken dit nou dat alle mense se saak weer reg is met God nadat Jesus aarde toe gekom het?

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

2. Sê in jou eie woorde wat 'n ware geloof is:

3. Wat moet jý nou alles glo?